SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Oos-Kaap / Eastern Cape

SAOU
E-Nuus / News 21
25/05/2015

☎ 041 364 0500 / 041 364 0501 🖷 041 364 0510 ✉ saouok@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

Leaders' Conference at Mpekweni 2015
Leiersberaad te Mpekweni 2015

The Leaders' Conference was attended by 154 delegates. We thank all the schools that supported the Conference. Without your support the Conference would not have been such a great success!

Photos and the PowerPoint presentations from the weekend can be found on the SAOU website: http://www.saou.co.za/oos-kaap-nuusbriewe-2015/

Antoinette Esterhuyse, departementshoof van Merryvale Skool vir Buitengewone Onderwys deel, het met ons gedeel hoe die SAOU-naweek haar geraak en verryk het:

Ek is bevoorreg om 'n baie groot passie vir spesiale onderwys te hê, maar ná hierdie inligtingsessie, het my geesdrif en liefde vir my besondere onderwystaak verder verdiep. Professor Johan Coetzee se menseliefde en breë uitkyk op die lewe moedig enige onderwyser aan om buite 'n rigiede raamwerk te funksioneer, en dit is 'n filosofie so reg in my kraal: om kreatief te dink.

Die wetlike aspekte in die onderwys het 'n mens wakker gemaak vir die slaggate waarin opvoeders, met ons dikwels naïewe uitkyk op die goedheid van die mens (en ek is een van die naïewes!) kan trap. Ek sal beslis van nou af meer daarop fokus om "streetwise" te wees en te onthou dat opvoeders ook regte het.

Mnr. Chris Klopper het duidelikheid oor, onder andere, die ernstige probleem aangaande "twinning" van skole deurgegee, en ek is baie dankbaar vir die SAOU se wakker optrede in hierdie saak.

En dan, Rian Truter, ons eie onderwyser-Sherpa met sy energieke en geesdriftige uitkyk op die taak van die onderwyser, het 'n mens tot nuwe hoogtes gelei en die woorde van Helen Keller beklemtoon wat gesê het: "The only thing worse than being blind is having sight, but no vision." Rian het 'n mens se oë oopgemaak om die Batman, Superman, Spiderman van elke kind wat ons Liewe Heer in ons hande plaas te wees. Wat 'n voorreg, maar meer nog, wat 'n ontsaglike verantwoordelikheid.

RAVO-man Jan Brand se statistiese kennis het 'n mens verstom, en Liesl Schoonwinkel het ons daaraan herinner hoe die brein van individue op verskillende wyses werk en hoe voortspruitende persoonlikhede hanteer moet word. Haar beklemtoning van die belangrikheid daarvan om 'n leerder te prys, het my herinner aan die pragtige woorde van die musikant Andor Foldes, toe hy gesê het: "Praise is a potent force, a candle in a dark room."

Tim Gordon se goeie raad aangaande 'n Toegewingskomitee (Concession Comitee), is briljant. Respek vir ander se geloof en kultuur is ontontbeerlike boustene in die suksesverhaal van enige multi-kulturele opvoedkundige instansie.

En, wat 'n lieflike mens is Dawie Spies nie. Sy woorde, "Jy kan mense raaklewe of raaktrap", is van diepte-stoffasie gemaak en sy salwende boodskap het hierdie inligtingsgeleentheid met groot seën afgesluit.

***